

# DIE BOEK OPENBARING

## Hoofstuk 8

### Inleiding

- Die mense wat almal deur die engele verseël moes word, is klaar verseël.
- Hulle is beveilig teen die verderf van alle oordele wat in hoofstuk 7:3 geopenbaar word.
- Profeties het Johannes reeds van die groot skare voor God se troon gehoor.
- Hy het ook in 'n gesig alle skepsele in aanbidding voor God se troon gesien.

Nou is alles gereed dat die oordele van God maar kan losbreek.

- Hierdie verskriklike oordele word beskryf in hoofstuk 8 tot 10
- Die drie hoofstukke hoort saam.

Die begin van hoofstuk 8 openbaar die dinge wat aan die kom is.

- Dis so erg dat daar selfs in die hemel ontroering is – van skok is daar totale stilte!
- Maar dis tog 'n tyd van aanbidding tot God.

Inderdaad is die oordele die verhooring van die gebede van die heiliges.

- Die gebede word eers heilig gemaak met wierook.
- Daarna kan dit opstyg na God se troon toe om verhoor te word.

Die almagtige God verhoor die gebede deur met sy geldige oordele en strawwe die wêreld en die mensheid te straf wat Hom en sy verseëlde beveg het.

### Vers 1-2

**En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee.** (Openbaring8:1-2 AFR1953)

Die Lam het reeds die boekrol wat met sewe seëls verseël is in sy hande.

- Hy het reeds ses van die sewe seëls losgemaak (Openbaring 6:1-12).
- Nadat die mense wat almal deur die bloed van die Lam gekoop is, verseël is, gaan die losmaak van die laaste seël nou gebeur.

Johannes sien hoe die sewende seël oopgemaak word.

- Meteens kom daar 'n geweldige stilte in die hemel.
- Vir omtrent 'n halfuur lank juig of bid geen enkele engel of ouderling of enige van die vier lewende wesens nie.

Die kontras is onbeskryflik – skokkend!

- Die een oomblik was daar nog die gejuig van al die gereddes wat in hulle blink klere palmtakke swaai terwyl die miljoene der miljoene engele aanbid.
- Die volgende oomblik toe die Lam die sewende seël oopmaak – geen enkele geluid nie.

'n Halfuur klink kort in aardse tyd – maar in hemelse tyd is dit baie lank!

- Die hemel is 'n plek waar daar net volmaakte vreugde en saligheid is.
- Daar is niemand daar wat sonde doen nie.
- Ons gaan ook nie iets of iemand mis nie.
- Daar is net mense wat bid en juig.

*Die stilte is omdat die ontsetting van die einde almal met verbystering vul!*

*Let wel:*

- Die stilswe is om die groot en ontsagwekkende vrees te openbaar wat op almal voor en rondom die troon val!
- Die ontsetting is oor die oordeel wat oor die wêreld en almal kom wat hulle hardnekkig teen God verset het.
- Die stilswe is nie uit verset of rebelsheid teen God nie!

Iewers in hierdie grootse stilte staan daar meteens sewe engele voor God.

**En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee**

Die Here gaan hierdie sewe engele om die beurt laat optree.

- Elkeen van hulle het 'n opdrag wat hulle op die aarde moet uitvoer.
- Hulle gaan veroorsaak dat daar vreeslike plaes gaan kom wat die mense op die aarde gaan tref.
- Die laaste plaag vind plaas met die eindoordeel.

Die engele ontvang elkeen 'n basuin.

*Vraag: Wie gee vir hulle die basuine?*

Die engele kry die basuine as instrumente om God se handewerk (oordele!) aan te kondig.

- Almal sal dit hoor.
- Die Here werk nie in die geheim nie:
  - Hy verkondig/profeteer eers.
  - Dan blaas die basuin(e) om te sê dat die profesie nou uitgevoer gaan word.
  - Daarna vind die oordeelsdaad plaas.

Dink hier byvoorbeeld aan 'n uitspraak wat deur die profeet Amos gemaak is:

**Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie? Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. (Amos 3:6-7 AFR1953)**

Waarom die tydsverloop of volgorde waarin dinge gebeur?

- Sodat die mense op die aarde tot bekering kan kom.
- Niemand sal kan sê dat die Here hulle nie *tyd* of *kans* gegee het om tot bekering te kom en hulle saak met Hom reg te maak nie.

Let op wat die Here alles gebruik:

- Hy gebruik die natuur!  
**En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. (Openbaring 8:7 AFR1953)**
- Hy gebruik selfs die hell!  
**En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee. (Openbaring 9:1 AFR1953)**
- Hy gebruik die mensdom self (en die diereryk) om sy oordele te voltrek!  
**Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van**

**perderuiters was twee maal tien duisend maal tien duisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan.**

(Openbaring 9:15-17 AFR1953)

Dit word nie vir die eerste keer in die Boek Openbaring bekend gemaak dat die Here selfs mense in sy straf en oordeel gebruik om ander mense uit te roei nie. Lees maar net Jesaja 10:5-15:

**Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy—in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate.**

**Maar hy bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie. Want hy sê: Is my vorste nie almal saam konings nie? Het dit met Kalno nie gegaan soos met Kárkemis, met Hamat soos met Arpad, met Samaría soos met Damaskus nie? Soos my hand die koninkryke van die afgode bereik het, alhoewel hulle gesnede beelde meer was as dié van Jerusalem en Samaría, sou ek nie, soos ek aan Samaría en sy afgode gedoen het, net so aan Jerusalem en sy afgode kan doen nie?**

**Maar as die HERE al sy werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek besoeking doen oor die vrug van die grootsheid van die hart van Assirië se koning en oor die gepraal van sy hoë oë. Want hy sê: Deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid, want ek is verstandig; en die grense van die volke het ek verwyder, en hulle voorrade het ek geplunder; en die wat op trone sit, het ek soos 'n maghebber neergewerp.**

**En my hand het na die rykdom van die volke gegryp soos na 'n voëlne, en ek het die hele aarde bymekaargeskraap soos 'n mens eiers bymekaarskraap wat verlaat is; en daar was niemand wat 'n vlerk verroer of 'n bek oopgemaak of gepiep het nie.**

**Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek? Asof 'n staf hulle swaai wat hom ophef, asof 'n stok hóm ophef wat nie hout is nie!**

(Jesaja 10:5-15 AFR1953)

Die Here openbaar dat die sewe engele wat die sewe basuine het, dus almal deur Hom gebruik word om sy oordele uit te voer.

- Weereens is daar sewe van hulle.
  - Simbolies dui dit aan dat hulle God se oordeelsraad uitvoer – nie hulle eie nie.
- . . . wat voor God staan . . .**

Die sewe engele staan direk voor God.

- Hulle is dus 'n bepaalde groep wat afgesonder is van die ander engele.
- Hulle moet dus ook engele wees wat 'n hoër statuus het as die gewone engele.

Ons lees van sulke engele, byvoorbeeld in Lukas 1:19:

**En die engel antwoord en sê vir hom: Ek is Gabriël wat voor God staan, en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring. (Lukas 1:19 AFR1953)**

Tussen hakies, daar is mense ook wat in hulle roeping voor God staan. Luister weer na wat Elia vir Agab gesê het:

**En Elía, die Tisbiet, uit Tisbe in Gilead, het vir Agab gesê: So waar as die Here, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord! (1 Konings 17:1 AFR1953)**

Die woorde *wat voor God staan* (= wat voor God se troon staan) beteken nie dat hulle maar net vir die oomblik daar was nie.

- Dit dui op die plek waar hulle werk en ook op die soort werk wat hulle doen.
- Dit dui ook op die waardigheid en erns van hulle werk.
- Hulle tree dus op tot eer van en ook in gesag van God se eer en majesteit.

Hierdie sewe engele het dus geweldig baie mag en groot gesag (outoriteit)!

**. . . en sewe basuine is aan hulle gegee . . .**

Die basuine is net om aan te kondig. 'n Basuin is gebruik om 'n bepaalde bevel aan te kondig.

**Toe die geluid van die basuin sterker en sterker word, het Moses gespreek, en God het hom telkens hardop geantwoord. (Eksodus 19:19 AFR1953)**

**Op die plek waar julle die geluid van die basuin hoor, daar moet julle by ons bymekaarkom; onse God sal vir ons stry. (Nehemia 4:20 AFR1953)**

**Verkondig in Juda en laat dit hoor in Jerusalem en sê: Blaas die basuin in die land! Roep hardop en sê: Kom bymekaar, en laat ons in die versterkte stede ingaan! (Jeremia 4:5 AFR1953)**

**in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. (1 Korintiërs 15:52 AFR1953)**

**Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. (1 Tessalonisense 4:16 AFR1953)**

Die engele doen self niks verder nie.

- God laat die dinge gebeur.
- God se bevel beskik oor almal wat gebeurde volgens sy wil ontplooi.

**En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. (Openbaring 8:7 AFR1953)**

**En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee. (Openbaring 9:1 AFR1953)**

### Vers 3-5

**En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. (Openbaring 8:3-5 AFR1953)**

Dié openbaring verskuif die kollig eers effens. Voordat die engele wat basuine gekry het, daarop gaan blaas, openbaar die Here eers iets anders aan Johannes.

- Daar kom 'n ander engel te voorskyn.
- Hy gaan staan by die goue reukaltaar.

Vergelyk die volgende ten opsigte van die altaar:

**En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, (Openbaring 9:13 AFR1953)**

**En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. (Openbaring 11:1 AFR1953)**

In die tabernakel – en later jare in die tempel – moes daar elke môre en elke aand reukwerk aangesteek word.

**Jy moet ook 'n altaar maak om reukwerk te brand. Van akasiahout moet jy dit maak. 'n El moet sy lengte wees en 'n el sy breedte—vierkantig moet dit wees; en twee el sy hoogte. Sy horings moet, daarmee saam, uit een stuk wees. En jy moet dit met suiwer goud oortrek: die plaat en die sykante rondom en die horings. En maak daarvoor 'n goue krans rondom. Maak ook twee goue ringe daarvoor onderkant die krans aan weerskante; jy moet dié aan die twee sykante maak. En hulle moet dien as plekke vir draaghoute om dit daarmee te dra. En maak die draaghoute van akasiahout, en trek dit oor met goud. Sit dit dan voor die voorhangsel wat voor die ark van die Getuienis is, voor die versoendeksel wat oor die Getuienis is, waar Ek met jou sal saamkom. En Aäron moet daarop reukwerk van speserye aan die brand steek; elke môre as hy die lampe regmaak, moet hy dit aan die brand steek. En as Aäron teen die aand die lampe opsteek, moet hy dit aan die brand steek as 'n voortdurende reukwerk voor die aangesig van die HERE in julle geslagte. Julle mag daarop geen vreemde reukwerk of brandoffer of spysoffer bring nie. Julle mag ook geen drankoffer daarop uitgiet nie. (Eksodus 30:1-9 AFR1953)**

**En hy het die lampe opgesteek, voor die aangesig van die HERE, soos die HERE Moses beveel het. En hy het die goue altaar in die tent van samekoms neergesit, voor die voorhangsel, en reukwerk van speserye daarop aan die brand gestee, soos die HERE Moses beveel het. (Eksodus 40:25-27 AFR1953)**

Vergelyk ook die volgende tekste:

**Eksodus 39:38: verder die goue altaar en die salfolie en die reukwerk van speserye en die bedekking vir die ingang van die tent;**

**Eksodus 40:5: En jy moet die goue altaar vir die reukwerk voor die ark van die Getuienis neersit. Dan moet jy die bedekking van die ingang van die tabernakel ophang.**

**Eksodus 40:26: En hy het die goue altaar in die tent van samekoms neergesit, voor die voorhangsel,**

**Numeri 4:11: En oor die goue altaar moet hulle 'n pers doek uitsprei en dit met 'n dekkleed van robbevelle toemaak en sy draaghoute insteek.**

**1 Konings 7:48: Verder het Salomo al die voorwerpe wat in die huis van die HERE was, gemaak: die goue altaar en die tafel waar die toonbrode op moes lê, van goud;**

**2 Kronieke 4:19: En Salomo het al die voorwerpe gemaak wat in die huis van God was: die goue altaar en die tafels waar die toonbrode op moes lê,**

**Openbaring 8:3: En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;**

**Openbaring 9:13: En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is,**

Ons het dus in die openbaring wat die Here vir Johannes gee, te doen met 'n altaar (voorwerp) wat al die eeue simbolies in die kerk teenwoordig was.

- Die teenwoordigheid daarvan was profeties en simbolies,
- maar in die boek Openbaring word die vervulling daarvan aangetoon – al is dit steeds simbolies.

Die wierook wat opstyg wanneer dit gebrand word, simboliseer ons gebede wat opstyg voor die Here.

Vergelyk hiervoor:

**. . . en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.** (Openbaring 5:8 AFR1953)

**Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.** (Psalm 141:2 AFR1953)

**En die hele menigte van die volk was buite, besig om te bid op die uur van die reukoffer.** (Lukas 1:10 AFR1953)

In hierdie openbaring aan Johannes word die gebede en die reukoffer met mekaar versmelt.

**ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.**

Die engel wat nou verskyn, gaan dus die bak wat vol wierook en gebede is, op die altaar voor God uitgooi.

- Die veronderstelling is dat daardie altaar se vuur altyd brand – daar is nie 'n oomblik wanneer die altaar net 'n ornament is wat nie funksioneer nie.
- Die gebede kan dus nie vanself na God toe opstyg nie!

Waarom kan ons gebede dan nie vanself opstyg na God toe nie?

- Omdat ons gebede deur sondige mense gebid word – dis waarom.
- Daarom is ons gebede ook gebrekkig en onsuiver.
- Selfs die opregste mens se gebede het allerhande verkeerdhede daarin.

Let wel! Die Bybel sonder hier nie een enkele mens se gebede uit nie!

- Nie eers die heiligstes wat vriende van die Here was, soos Abraham en Dawid, word genoem as uitsonderings nie.
- Alle mense se gebede word deur die engel in die wierookbak bymekaargemaak en op die kole van die altaar uitgegooi.

*Alle gebede het die versoening van die Here Jesus Christus nodig om God te behaag en om aanvaarbaar te wees.*

Presies dit word simbolies uitgebeeld deur die reukwerk wat daarmee gemeng word as dit opstyg na God toe.

**. . . baie reukwerk . . .**

Die beeld is dus een van 'n dik rookwolk en wierookwalm wat opstyg wat alles wat swak, besmet en verkeerd mag wees in die gebede, doodmaak en vervang.

- Die bedoeling is nie dat ons gebede opge-“patch” word nie. Dit word deur die versoening van die Here Jesus Christus volmaak voorberei om deur God ontvang te word.
- Ons swakke gebede kom dus by God aan as 'n lieflike reukwerk.

Daarom word al ons gebede ontvang en verhoor – deur God volmaak verhoor.

- Dit beteken dat dit nie in die verkeerdheid van ons woorde en gedagtes verhoor gaan word nie.
- Die engel het dit ook verstaan,

**. . . die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi . . .**

Die feit fdat dit op die aarde gegooi word ( en nie weggegooi of vernietig word nie) is die simbool daarvan dat die Here ons mense se gebede verhoor.

- Die opstyging van die rook na God toe, sluit hierby aan – dis twee verskillende dinge, maar die simboliese inhoud is dieselfde.
- Die reukwerk van die Here Jesus se versoening maak sowel die reiniging (versoening) as die verhoring moontlik.

Die uitwerking van die gebede gaan nou op die aarde gevoel word.

- Dit gaan sigbaar gesien en gevoel word in die dinge wat gaan gebeur as daar elke keer een van die sewe basuine geblaas word.
- Die vuur (kole?) van die altaar wat saam met die gebede op die aarde uitgegooi word, simboliseer dit.

**. . . en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing.**

Die engele maak nie die stemme en donderslae en weerligte nie. God se almag beskik daarvoor. Vergelyk daarvoor die volgende woorde van hoofstuk 4:

**En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand; (Openbaring 4:5 AFR1953)**

Al die dinge (donderslae en weerligte en aardbewings) bewys dat God in sy almag besig is om te werk.

**Vers 6**

**En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas. (Openbaring 8:6 AFR1953)**

Dis tyd vir die oordele om te begin. Terwyl die gebede van die mense opklink vir die reg van God, voltrek Hy sy reg in samehang met die gebede van die heiliges.

In die hemel klink daar stemme en flits weerlig rond! Op die aarde vind aardbewings plaas. Die werking van God se oordele word beraadslaag, beveel en uitgevoer.

Die sewe engele kom nou in gereedheid om op God se bevel elkeen sy basuin te blaas – en sodoende die verskillende oordele aan te kondig.

**Vers 7**

**En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. (Openbaring 8:7 AFR1953)**

Die **eerste engel** wat blaas beteken nie dat hy die belangrikste is nie! Hy is die eerste een wat nou 'n reeks opeenvolgende gebeurtenisse gaan aankondig.

**. . . daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng . . .**

**Hael** en/of **vuur** is altyd die simbool van God se wraak:

- 'n Voorbeeld hiervan is die sewende plaag in Egipteland:

**En Moses het sy staf na die hemel uitgesteek, en die HERE het donder en hael gegee, en vuur het na die aarde uitgeskiet; en die HERE het hael op Egipteland laat reën.** (Eksodus 9:23 AFR1953)

Daarby hoort natuurlik latere terugverwysings daarna:

**Hy het gespreek, en daar het steekvlieë gekom, muskiete in hulle hele grondgebied. Hy het hulle reëns hael gemaak, vuurvlamme in hulle land. En Hy het hulle wingerdstok en hulle vyeboom geslaan en die bome van hulle grondgebied verbreek.** (Psalm 105:31-33 AFR1953)

**Hy het hulle wingerdstok deur die hael doodgemaak en hulle wilde vyeboom deur ryp. Ook het Hy hulle diere aan die hael oorgegee en hulle vee aan die blitse. Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, 'n uitsending van ongeluksbodes.**  
(Psalm 78:47-49 AFR1953)

- 'n Verdere voorbeeld is die geveg wat die Here vir die Israeliete geveg het teen die vyf Amoritiese konings. Die Here het die son laat stilstaan in Gibeon en die maan in Ajalon:  
**En toe hulle voor Israel uit vlug terwyl hulle op die afdraand van Bet-Horon was, het die HERE groot haelstene uit die hemel op hulle gewerp tot by Aséka, sodat hulle gesterf het; daar het meer gesterf deur die haelstene as wat die kinders van Israel met die swaard doodgeslaan het.** (Josua 10:11 AFR1953)
- Daarby moet ons ook dink aan die keer wat die Here vir Job gesê het dat Hy skatkamers van hael het wat Hy in die oorlog gebruik:  
**Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu? En het jy die skatkamers van die hael gesien, wat Ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?** (Job 38:22-23 AFR1953)
- In die Psalms kry ons nog 'n verwysing na hael wat deur die Here as straf of oordeel gebruik word:  
(18:13) **Deur die glans voor Hom het sy wolke verbygetrek, hael en gloeiende kole.**  
(Psalm 18:12 AFR1953)
- Die profete het ook hierdie beeld gebruik dat onder andere hael die grimmigheid van die Here uitbeeld:  
**En die HERE sal sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van sy arm laat sien, met grimmige toorn en die vlam van 'n verterende vuur, storm en stortreën en haelkorrels.** (Jesaja 30:30 AFR1953)  
... **sê vir hulle wat met los kalk pleister, dat dit sal afval; daar sal 'n oorstromende stortreën kom; en julle, haelstene, sal val en 'n stormwind sal losbreek.** (Esegiël 13:11 AFR1953)  
**Daarom, so spreek die Here HERE: Ja, Ek sal 'n stormwind in my grimmigheid laat losbreek, en daar sal 'n oorstromende stortreën kom in my toorn en haelstene in grimmigheid tot vernietiging.** (Esegiël 13:13 AFR1953)  
**En Ek sal met hom in die gereg gaan deur pes en deur bloed; en oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is.** (Esegiël 38:22 AFR1953)  
**Ek het julle swaar getref met brandkoring en heuningdou en hael – al die werk van julle hande – nogtans het niemand van julle hom tot My gewend nie, spreek die HERE.** (Haggai 2:17 AFR1953)



Die laaste gedeelte van die verwysing gee probleme: **met bloed gemeng . . .**

Die probleem is dit:

- **Hael** is letterlik hael wat uit die hemel uit val – hael soos ons dit ken. Al is dit 'n simbool van God se oordeel, het hy nog werklike hael gebruik om op mense te laat val.
- **Vuur** is die meeste kere weerlig wat vuur veroorsaak en wat dinge in vlamme laat opgaan.  
**Daarom het hulle die plek Tabéra genoem, omdat die vuur van die HERE onder hulle gebrand het.** (Numeri 11:3 AFR1953)
- Vuur is soms ook ander dinge (vulkane wat uitbars?) maar nog steeds letterlik:  
**En die HERE het swavel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel,** (Genesis 19:24 AFR1953)
- Vuur van God kom soms in 'n vorm wat mense dit nie verstaan nie, maar net met 'n beeld beskryf:  
**En op die dag toe hulle die tabernakel opgerig het, het die wolk die tabernakel van die tent van die Getuienis oordek, en in die aand was dit oor die tabernakel soos 'n gedaante van vuur, tot die môre toe.**  
(Numeri 9:15 AFR1953)  
**Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.** (Handelinge 2:3 AFR1953)
- **Bloed** is moeilik verklaarbaar, want Skrifverklaarders wyk in die verklaring van hierdie gedeelte meteens van werklike bloed af weg: Hulle maak dit net 'n simbool of verklaar dit wetenskaplik as iets anders wat maar net as bloed verklaar word omdat dit so lyk.  
In *Barnes' Notes* word verklaar dat hierdie teks niks van reën praat nie. Daarom verklaar hy dat dit rooi sneeu was (saam met vuur? – wonder ek maar net) omdat daar hael ook is. Hy skryf: *“Red snow is not very uncommon, and the image here would be complete if we suppose that there was an intermingling of red snow in the driving tempest.”*

Die hael en vuur en bloed word op die aarde gegooi! Dis waar hierdie gebeurtenis plaasvind!

- Een derde van die bome en die gras gaan weggebrand en vernietig word.
- Die verskriklikheid lê daarin dat mense normaalweg dink dat bome en gras nie maklik doodgaan nie en dat hulle baie oud word.
  - Gras is 'n plant wat oral aangetref word – selfs in die woestyn.
  - Wanneer hierdie hael en vuur en bloed met geweld oor die aarde woed, bly daar van 'n derde niks oor nie.
  - Daar lê net kaal barre stukkend geslaande bome en uitgebrande as in die bloed rond.

Dis maar net die effek van die eerste basuin!!

## Vers 8, 9

**En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.** (Openbaring 8:8-9 AFR1953)

Die tweede basuin openbaar die almag van die Skepper.

- Hy het die aarde gemaak met die berge en dinge daarop.
- Vir die mens is 'n berg 'n onbeweeglike vaste opeenstapeling van rotse wat soms vir honderde kilometers oor die aarde lê.
- As die basuin blaas, word die onberekende grootheid van God geopenbaar – iets soos 'n groot berg wat brand, word in die see gegooi.

“Vervloek is die aarde om jou ontwil!” word dus tot in die eindoordeel uitgevoer.

- Ook in die see sterf ’n derde van alle visse, plante en ook die skepe daarop!
  - As die skepe sink, verloor die bemanning daarop ook hulle lewens!
- Die seewater word soos bloed. Hierdie verandering dui op die geweldige ingrype van God in die natuur.

Dis ook nie onbekend dat die Here groot hoeveelhede water in bloed verander nie. Hy het dit in Moses se tyd al gedoen:

**Moses en Aäron het toe so gedoen soos die HERE beveel het—hy het die staf opgehef en die water wat in die Nyl was, geslaan voor die oë van Farao en voor die oë van sy dienaars; en al die water in die Nyl is in bloed verander.**

(Eksodus 7:20 AFR1953)

Daarom hoef ons nie hier te gaan soek vir die een of ander wetenskaplike of natuurlike verklaring wat die water rooi laat skyn nie. Die Here self kondig dit aan as bloed.

### Vers 10, 11

**En die derde engel het geblaas, en ’n groot ster wat soos ’n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op ’n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en ’n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het.** (Openbaring 8:10-11 AFR1953)

Die eerste vier oordele laat natuurrampe plaasvind.

- Toe die derde engel blaas, kom daar ’n volgende stuk vernietiging van die natuur aan die beurt.
- God straf dus ook die sonde van die mensdom deur die natuur!

Die basuinklank van die derde engel word gevolg deur die verskyning van ’n ster wat soos ’n brandende berg lyk. Die ster val uit die hemel uit.

- Die woorde **wat soos ’n fakkel brand** openbaar dat hierdie ster se verskyning ’n groot klomp onheil tot gevolg gaan hê.
- Dit het ’n derde van die water op die aarde vergiftig – die mense wat dit gedrink het, het doodgegaan.

Hierdie onheil het dus ’n geweldige omvang, want die mense wat doodgaan, het nie van die dors doodgegaan nie.

- Daar was genoeg water tot hulle beskikking.
- Die probleem is dat die water giftig geword het!

### Vraag:

- *Het dit die mense onbewus of onkant gevang?*
- *Het hulle geweet/of nie geweet dat die water hulle gaan doodmaak nie?*

Simbolies wys hierdie daad daarop dat alles waarop die mense se lewensbehoefte berus, vernietig word. Vergelyk hiermee saam die volgende twee uitsprake in Openbaring:

**Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om ’n derde van die mense dood te maak.**

(Openbaring 9:15 AFR1953)

**En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. (Openbaring 16:4 AFR1953)**

Die ster wat op die aarde val, het 'n naam: **Alsem**. Dié naam beteken **bitter**, maar in die konteks van hierdie openbaring beteken dit ook nog **vergiftig**.

Die naam vertel dus wat die gevolg daarvan is as hierdie ster in die water val.

- Waterfonteine en strome en riviere word vergiftig.
- Hierdie besoedelde water veroorsaak allerhande siektes – en uiteindelik die dood.

Dis nie onbekend dat daar bitter en ondrinkbare water is nie.

**En hulle het in Mara gekom, maar kon die water van Mara nie drink nie, want dit was bitter. Daarom heet die plek Mara. Toe murmureer die volk teen Moses en sê: Wat moet ons drink? En hy het die HERE aangeroop, en die HERE het hom 'n stuk hout gewys; dit het hy in die water gegooi, en die water het soet geword. Daar het Hy vir hulle 'n insetting en verordening vasgestel en hulle daar beproef (Eksodus 15:23-25 AFR1953)**

Die ellende is inderdaad verskriklik.

- Die mense gaan nie dood van die dors nie.
- Hulle het genoeg water om te drink, maar juis dit maak ons dood, want dit vergiftig ons!

## **Vers 12**

**En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so.**

(Openbaring 8:12 AFR1953)

Wanneer hierdie basuin blaas, word die son, maan en sterre getref.

**'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie**

Hierdie stuk van die oordeel het ook al 'n parallel met die duisternisplaag. Vergelyk hiervoor Eksodus 10:21-23:

**Verder het die HERE vir Moses gesê: Steek jou hand na die hemel uit, en daar sal duisternis oor Egipteland kom, sodat 'n mens die duisternis kan gryp. Toe Moses sy hand uitsteek na die hemel, kom daar 'n dik duisternis in die hele Egipteland, drie dae lank. Die een het die ander nie gesien nie, en niemand het van sy plek opgestaan nie, drie dae lank. Maar al die kinders van Israel het lig in hulle woonplekke gehad. (Eksodus 10:21-23 AFR1953)**

Donkerte het altyd iets verskrikkends in hom. Soveel meer die verdonkering van die son en die maan! Dink maar aan al die nuusberigte elke keer wanneer daar 'n maansverduistering of 'n sonsverduistering is.

Hierdie openbaring gaan egter nie oor gewone sons- of maansverduistering nie.

- Dit gaan hier oor 'n geweldige gebeurtenis wat tot gevolg het dat die son en die maan en die sterre verdonker word.
- Dit is 'n gebeurtenis wat maak dat die nag en die dag die lig wat moet funksioneer, mis.

Hierdie oordeel van die Here slaan ook (selfs?!) die lugruim uitmekaar – die hele atmosfeer word betrek.

Let op die klimaks wat besig is om op te bou:

- Die aarde word getref – vers 7
- Die see word getref – vers 8
- Die waterstrome en alle fonteine – vers 10
- Die hemelruim en alles wat bo-oor die aarde is, word getref – vers 12.

Hierdie dinge wat alles hier in Openbaring 8:12 geopenbaar word, gebeur tydensgewys voor dit wat in Openbaring 6:13 geopenbaar word.

**. . . en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval;** (Openbaring 6:13 AFR1953)

- Nadat 'n derde van die son en die maan en die sterre verdonker is, word die toestand nog slegter – dan val die sterre op die aarde soos vrugte wat uit 'n boom uitgeskud word.
- As mens dit nie verstaan nie, kan die indruk bestaan dat die openbaring van die Here hier in spanning met homself is.
- Daar is dus 'n baie sterk verslegting van die hele skepping al hoe nader die wederkoms kom! Alles stort in duie!

Van die groot (en slegte) gebeurtenis het ons 'n voorspel van hoe dit onder die Egiptenare was tydens die duisternisplaag:

**Die een het die ander nie gesien nie, en niemand het van sy plek opgestaan nie, drie dae lank. Maar al die kinders van Israel het lig in hulle woonplekke gehad.** (Eksodus 10:23 AFR1953)

Uiteindelik word die skepping so dat niemand kan werk of lewe nie! Allerhande ellendes wat daarmee saamgaan, kom dus na vore!

### Vers 13

**En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!**

(Openbaring 8:13 AFR1953)

Die Here onderbreek nou eers die verskrikkinge wat elke keer aankom nadat 'n basuin geblaas het.

- Hy openbaar eers iets anders: Johannes sien en hoor 'n ander engel wat in die hemel rondvlieg. *Hy vlieg in die middel: dus sodat alles en almal kan hoor!*
- Die engel doen twee dinge:
  - Eerste bevestig hy die verskriklike ellendes oor al die mense wat dan nog op die aarde is.
  - Tweedens kondig hy die laaste drie basuine se oordele aan.

Waarom verwys hy na die laaste drie basuine?

- Omdat die basuine se oordele in twee groepe verdeel word.
- Die groep wat die eerste vier uitmaak, verskil van die laaste drie.
- Die laaste drie is **erger** as die eerste vier!

Kyk na die verskil:

- Die eerste vier oordele het die natuur – en deur die natuur die mens getref.
- Die laaste drie lyk anders:
  - Met die vyfde basuin kom die demoniese magte aan die woord: Die mense word in hulle sielsbestaan gegryp.

- Met die sesde basuin breek die totale mensdom in oorlog uit. Die verwoesting en verskrikking en die ellendes wat daarmee saamgaan, is onbeskryflik
- Die sewende basuin kondig die eindoordeel aan:  
**. . . maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete. (Openbaring 10:7 AFR1953)**  
**En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. (Openbaring 11:15 AFR1953)**

Waarom kondig die engel die laaste drie dan so spesiaal aan?

- Omdat daar 'n oproep tot bekering in is.
- Die verdere rede is dat die Here die gelowiges daarmee voorberei op wat vir hulle wag!  
Daarom drie keer: **Wee, wee, wee!**

Die skrikwekkendste is die laaste woorde: **wat nog sal blaas!**

- Hierdie woorde teken die verhardheid van die mense wat in die laaste dae lewe.
- Nie eers die oordele van God gaan hulle tot bekering bring nie!
- Daarom gaan hierdie laaste drie basuine beslis die een na die ander geblaas word!